

Ongewone sukses



- 1 Stefan Naude, Piet Venter en Abraham Kruger
- 2 Wol van een van die ramme
- 3 Wisselrand ramme op Rietfonteinpoort
- 4 'n Groep ootjies met 8-maande wol gereed vir skeer
- 5 Wol word met die wikkant na bo op die sorteertafel gegooi

Abraham Kruger van die plaas Rietfonteinpoort in die Colesberg distrik is nie sommer net nog 'n gewone boer nie. Op 81-jarige ouderdom behartig hy nog self die boerdery. Hy het as boerseun in die Venterstad distrik grootgeword, maar in 1963 is die plaas uitgekoopte vir die bou van die Garietpdam. Hy boer reeds 55 jaar met Merino's.

Hy is eerstens bekend as Simmentaler beesteler. In 1970 het hy die beste tips ingevoer van Duitsland en daarna vir 36 jaar groot sukses op skoue en as teler behaal. Hy vertel met entoesiasme oor hoe sy pad gekruis het met Ron Nolan van Kanada, eienaar van die grootste Simmentaler kudde in die wêreld. "Lang storie kort, ek het 'n uitvoerfasiliteit op die plaas gebou. Die beste vyf koeie het hier gestaan, is elke twee maande gespoel, gevries en Kanada toe uitgevoer – hy gee die koeie, ek gee die bul, en ek moet sorg dat hy die beste in die wêreld is," sê Abraham.

Hy blaai deur ou veilingkatalogusse en wys fotos, een van 'n bul wat hulle geteel het en hy as halwe aandeelhouer vir 'n wêreldrekordprys van R3m. verkoop het. "Ons praat genetica en teling. Uit daardie oogpunt, wat is die belangrikste by in 'n byekor? Natuurlik die koningin, daarom glo ek aan die 'Queen bee' beginsel, dit gaan oor die vroulike kant van teling. Jy kry gewoonlik een kalf per koeie per jaar, ons het 15 gekry met embriospoeling. Maar in die Merinowêreld kry jy dit nie," is sy opinie.

Abraham is opgewonde oor die Nasionale Merino Veldramklub* wat in 2017 begin word en waar hy gaan ramlammers inskryf. "Die effek van tipe sal uitkom. Seleksiedruk en volhoubaarheid is die geheim tot sukses," merk hy op. En hy kan met reg hierdie mening huldig,

as bees- en skaapteler. In 2005 het hy die bekende ram "Dawid", 'n silwerram met uitstekende syfers, van Stefan Naude gekoop en daarna nog van die heel beste ramme by dieselfde telers aangeskaf.

Abraham gaan wys 'n trop van 450 wisselooie in die kraal, gereed om geskeer te word. "Op agt maande skeer hulle A-lengte van die veld af al dit is droog, en hier is nie gannaleegtes nie. Hulle kry nie voer nie, net P6 om die fosfaattekort aan te vul," sê hy. Hy wys ook met trots wisselramme wat hy self teel en laat Funta, sy regterhand arbeider, 'n paar vashou. Piet Venter van BKB Colesberg, Abraham se jarelange skaapadviseur en vertoelings, maak die wol op – indrukwekkend.

Binne die netjiese skuur is Alfred, die bestuurder van die skeerspan en klasser, se manne besig om te skeer. Hulle skeer al 15 jaar hier en die vagte word met die wikkant na bo op die sorteertafel gegooi vir afrand en sorteer. Onder die skêr uit let mens die goeie kondisie en bouvorm van die skape op.

Met die groetslag vertel Abraham: "Volgens my persoonlikheids-analise is my sterkpunt 'Intuisie' – dit is 'n eienskap. Daarom kan ek water aanwys en mense binne 'n minuut opsom. Dit geld vir diere ook, as ek 'n skaap sien kyk ek na sy kop en weet hoe goed hy is."

Abraham Kruger is die bewys daarvan dat ervaring kom met ouderdom en sukses deur dinge nie op die gewone manier te doen nie.

Abraham Kruger: 082 854 4139, toverberg1@gmail.com

* Sien bladsy 86 vir Nasionale Veldramklub inskrywings

HOOGSTEDDE MERINO'S

STOET NOMMER 968

Veilingsdatum 26 Januarie 2017
Tarkastad Skougronde



I.P. VAN HEERDEN
Hoogstede, Tarkastad, 5370

Tel: 045 846 9451, 082 856 1885